PROJEK/ PRODUKSIE/ GEBEURTENIS	DATUM	BESKRYWING	WAAR?
ALLE KLASSE SKOP AF!	**JANUARIE**	Klasse skop af deur die loop van die maand by verskeie skole. Praatjies word by skole gedoen waarna die klasse begin. Hou Facebook dop vir Nuus.	Verskeie Skole deur die loop van die maand
DRAMA EXPO / OUER-INLIGTINGOGGEND / OPEDAG	**SATERDAG, 8 FEBRUARIE**	Belangrike inligting oor die jaar word gegee en verduidelik. Uitstalings met baie speletjies vir kinders en inligting vir ouers. Ons raai ALLE ouers aan om teenwoordig te wees. Briewe en Tye word nader aan die tyd uitgegee. 'n OPEDAG fees. Almal is welkom.	Hoërskool Wonderboom
KUNSWEDSTRYDE INSKRYWINGS OOP	**MAANDAG, 10 FEBRUARIE**	Inskrywings vir die kunswedstryde deur die jaar maak oop. Briewe en vorms word uitgestuur met meer inligting. NB: Kunswedstryde is nie verpligtend nie en is 'n addisionele diens.	Alle Skole
REDENAARS WERKSWINKEL – HOE OM 'N PRAATJIE OP TE SÊ EN TE SKRYF	**SATERDAG, 22 FEBRUARIE. 8H00-11H00**	'n Redenaars Werkswinkel word aangebeid waar enige leerders en ouers kan kom leer hoe 'n praatjie moet wees. Ons leer die ouers hoe om een te skryf en die kinders hoe om een te vertolk vir goeie punte. R50 per/persoon. Almal welkom.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
TEATER-X PRODUKSIES (WONNIEDRAMA EN JO CHRISTAL HOËRSKOLE)	**WOENSDAG, 4 & DONDERDAG, 5 MAART**	Teaterproduksie waarin gewoeker word met verskillende genres en boodskappe. Hoërskool Wonderboom en Hoërskool Oos-Moot se leerders tree op.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)

JO CHRISTAL OUERAAND 1	**DONDERDAG, 19 MAART (18H00 TOT 19H00)**	Die geleentheid word gestel vir ouers om afsprake te maak met die JC Onderwysers om oor die ontwikkeling en vordering van hul kinders in die dramaklas te gesels.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
KUNSWEDSTRYDE INSKRYWINGS SLUIT	**DINSDAG, 31 MAART**	Inskrywings vir kunswedstryde sluit. Geen inskrywings word na hierdie datum aanvaar nie.	Alle Skole
OUERKONSERT	**VRYDAG, 3 APRIL**	Ouers van Jo Christal en Wonniedrama leerders word genooi om deel te neem aan 'n prettige konsert wat afgerig word deur die JC Span. Meer inligting hieroor word by die Drama Opedag en Inligtingsoggend en oor Whatsapp gegee. MOET NIE UITMIS NIE!	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
DRAMA JOL VAKANSIEWERKSWINKEL	**MAANDAG, 22 & DINSDAG, 23 JUNIE**	Die vakansies kan lank raak sonder drama. Daarom hou ons 'n tweedag werkswinkel vol pret en drama. Leerders wat wil deelneem kan ingeskryf word. Hierdie werkswinkel is al in sy 7de bestaansjaar en verloop elke jaar met groot suskes.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
KLEEDREPETISIE (JO CHRISTAL DRAMASKOOL Laerskole)	**SATERDAG, 25 JULIE**	Belangrike en Verpligte KLEEDREPETISIE vir alle Jo Christal leerders. Ons oefen hier almal bymekaar aan die Augustus Produksie. Kostuums word ook hier uitgedeel en gepas.	Hoërskool Wonderboom

JO CHRISTAL PRODUKSIEWEEK (Laerskole)	**27 JULIE – 01 AUGUSTUS**	Hierdie is ons GROOT produksie vir die jaar vir ALLE JO CHRISTAL LEERDERS. Dit verg weke se oefening en bring groot opwinding onder die leerders en ouers. NB: Leerders tree by slegs TWEE van hierdie aande op. Geen normale klasse in hierdie week nie. Meer inligting word oor die kommunikasiekanale vroegtydig met ouers gedeel.	UNISA Kleinteater
JO CHRISTAL SENIORS PRODUKSIES (Hoërskool Wonderboom en Hoërskool Oos-Moot)	**SATERDAG, 01 AUGUSTUS**	Hierdie is ons GROOT produksie vir die jaar vir WONNIEDRAMA LEERDERS. Dit verg weke se oefening en bring groot opwinding onder die leerders en ouers. NB: Twee vertonings op een dag. Meer inligting word oor die kommunikasiekanale vroegtydig met ouers gedeel.	UNISA Kleinteater
JO CHRISTAL KUNSWEDSTRYD	**7 – 11 SEPTEMBER**	Interne en Eksterne Kunswedstryd waarvoor leerders aan die begin van die jaar inskryf. Net leerders wat ingeskryf het neem deel. Meer inligting word oor die kommunikasiekanale gedeel.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
JC ONNIEPRODUKSIE	**WOENSDAG, 16 & DONDERDAG, 17 SEPTEMBER**	Elke jaar sit die JC Onnies ‘n wêreldklas drama op die planke. Hierdie jaar is nie anders nie. Beslis iets om nie te mis nie. Die JC Onnies wys dat hulle nie net preach nie, maar ook kan PRACTICE!	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
JO CHRISTAL OUERAAND 2	**DONDERDAG, 1 OKTOBER (18H00 – 19H00)**	Die geleentheid word gestel vir ouers om afsprake te maak met die JC Onderwysers om oor die ontwikkeling en vordering van hul kinders in die dramaklas te gesels.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)

WONDRA TOEKENNINGS	**SATERDAG, 10 OKTOBER**	Die WONDRA toekennings gee erkenning aan die Wonniedrama leerders vir hul harde werk deur die jaar. Die geleentheid word in die Hollywood styl gedoen. 'n Live Facebook Feed word gehou vir die Red Carpet.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
TEATER- X PRODUKSIEWEEK (JO CHRISTAL LEERDERS)	**26 TOT 31 OKTOBER**	Kleiner teaterproduksie waarin gewoeker word met verskillende genres en boodskappe. Alle Jo Christal leerders tree op. Leerders tree weereens op net TWEE van hierdie datums op. Meer inligting sal vroegtydig gedeel word via alle kommunikasiekanale.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)
JO CHRISTAL PRYSUITDELING	**SATERDAG, 21 NOVEMBER**	Prysuitdeling waar erkenning gegee word aan alle leerders vir hul harde werk deur die jaar. Die funksie is kort en kragtig. Klasse sluit af vir die jaar.	Wonder-bo-Wonder Teater (Hoërskool Wonderboom)